

Sondag 30 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 2:42-47

Fokusgedeelte: Handeling 2:42, 47

Die heilige nagmaal – genademiddel om saam in geloof versterk te word

Die reaksie op die kerk se eerste blye boodskap van die verlossing in Christus het tot gevolg gehad dat baie mense (sowat 3 000) gedoop is nadat hulle hul geloof bely het (vs 41). Dan lees ons verder wat met hierdie “nuwe bekeerlinge” gebeur het. Vier handeling word genoem in vers 42: *Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

Die “*toelê op die leer van die apostels*” was die oorgawe aan die opdrag van Christus dat die apostels die mense moet leer om alles te onderhou wat Jesus hulle beveel het (Matt. 28:20). Wat geleer is, is wat Jesus beveel het, en daarop het die gelowiges hulle toegelê om dit te doen.

Deur die “*onderlinge verbondenheid*” was dit moontlik om hulle heelhartig toe te lê, want hulle het die een-wees in die geloof, wat in hulle harte gewerk is deur die verkondiging van die evangelie, beleef en mekaar in die geloof versterk.

Hierdie sterk eenheidsband in die geloof is verder versterk deur die “*gemeenskaplike maaltyd*” (nagmaal) waarin hulle elkeen se geloof versterk is in die sekerheid dat hulle in Christus bly, en Hy in hulle (Joh. 6:56 – sien 29 Junie).

In alles was daar die “*gebede*” waarin die kerk saam voor God verootmoedig en Hom dank vir sy genade en verlossing in Jesus Christus.

Deur só kerk te wees tot eer van die Here, was hulle getuies van die verlossing in Jesus Christus wat hulle deel is. In blydschap was hulle kerk tot eer van die Here. Nie net Sondag nie, maar elke dag van die week.

Sing: Psalm 36-1:2

Ds. MP Fourie (Emeritus)